higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

(8011023)

9 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

NOTA: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae deeglik deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat 'n spasie en trek 'n streep onder die bladsy nadat jy elke vraag voltooi het.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Kies 'n item in KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-M) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM A	
1.1	Mense wat jagter-versamelaars gebly het	A	chloried
1.2	Die Portefeuljekomitee oor Polisie (Veiligheid en Sekuriteit)	B	aanspreeklikheid
1.3	Het 'n informele resultaat, aangesien dit ons houdings, waardes, gedrag en kultuur verander	C	gesonde dieet
1.4	Doeltreffend om begrippe en idees oor te dra.	D	San
1.5	Verskaf geleenthede aan jou om te leer, ongeag jou ouderdom, omstandighede en vlak van onderwys en opleiding.	E	fosfor
1.6	Jy sal waaghalsiger word.	F	opleiding buite taakverband
1.7	Individue langs mekaar op dieselfde vlak	G	parlementêre toesig
1.8	'n Belangrike mineraal vir 'n mens se breinfunksie	H	rang
1.9	Help met vertering en is in spoorhoeveelhede nodig om gesonde tande en hare in stand te hou	I	Khoikhoi
1.10	Polisiebeamptes word beloon vir werk wat goed gedoen is deur sertifikate, dekorasies/eretekens ('decorations') en medaljes te ontvang.	J	onderwys
		K	'SCOPA'
		L	huldigingsparade ('commendation parade')
		M	NKR

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde te gebruik wat in die lys hier onder verskaf word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

de-oksigeneerde; beplanning; vitamien A; 2-3; fasilitering; oksigeneerde; vitamien E; geweld; 2-4

2.1 In die geval van uitkomsgebaseerde assessering speel leerders 'n rol in die ... van die assessering,

2.2 Vigilantemetodes in Suid-Afrika hou verband met die gemeenskap en sluit ... en lyfstraf in.

2.3 Voedselbronne soos vislewerolies, donkergroen blaargroente, wortels, pampoen en suiwelprodukte staan bekend as goeie bronne van ... .

2.4 Eet daagliks ... porsies melk, jogurt en kaas vir 'n gesonde dieet.

2.5 Die ... bloed word uit die regterkant van jou hart na jou longe gepomp deur jou pulmonale slagaar.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die Transvaalse Republiek was een van die onafhanklike Boererepublieke gedurende die middel tot laat 1900s en het hul eie polisiemag gehad.

3.2 Onderwys is gesegegreer/geskei deur middel van die Bantoe Onderwyswet van 1953 en is ontwerp om swart mense as lede van die arbeidsklas voor te berei.

3.3 Vigilantisme was sowel konstruktief (goed) as destruktief (nie goed nie).

3.4 Gemeenskapspolisiëring stel die polisie in werklikheid aan as bestuurders in die gemeenskap wat betrokke is by 'n wye reeks kwessies oor 'n lang tydperk, terwyl probleemgeoriënteerde polisiëring 'n fokus op 'n spesifieke probleem oor 'n kort tydperk nodig het.

3.5 Indiensopleiding laat mense toe om weg te kom van die werkplek en om op die leer self te konsentreer.

3.6 Glukose is 'n baie eenvoudige vorm van koolhidraat wat die liggaam vir energie verbrand.

Kopiereg voorbehou

3.7 'n Voordeel van vitamien C is dat dit 'n mens se senuweestelsel help om behoorlik te funksioneer.

3.8 Kaffeïen kan tot dehidrasie bydra.

3.9 'n Trapmeul, 'n oefenfiets of 'n roeimasjien is voorbeelde van gimnasium-toerusting vir kragoefeninge.

3.10 Om 'n paspop ('dummy') van 20 kg oor 'n afstand van 50 meter te dra, maak deel uit van die reeks werksverwante fiksheidstoetse wat tydens basiese opleiding in die SAPD gebruik word.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die leierskapmodel wat deur die Khoikhoi-mense gevolg is. (5)

4.2 Verduidelik kortliks wat 'n *kolonie* is en gee EEN voorbeeld van 'n kolonie. (2)

4.3 Daar was baie kritiek oor polisiëring in Suid-Afrika wat betref die oppergesag van die reg, veral tot en met 1994.

4.3.1 Verduidelik kortliks die *oppergesag van die reg.* (1)

4.3.2 Gee VIER beginsels wat saamgelees, die oppergesag van die reg bewerkstellig het. (4)

4.4 In die lig van ons geskiedenis is 'n veelvoudige verantwoordingspligtigheidmodel van burgerlike oorsig ontwikkel, wat bekend staan as 'administratiewe toesig'.

Noem die TWEE rolspelers wat vir administratiewe toesig verantwoordelik is. (2)

4.5 Leiers word nie noodwendig net in die topstruktuur van organisasies gevind nie.

Gee DRIE redes waarom leierskap nie meer volgens Charlton (2000:65) vir mense in topposisies gereserveer word nie. (3)

4.6 Gee DRIE voordele daarvan om 'n goeie leier te hê. (3)

Kopiereg voorbehou

4.7 Leiers moet hulle daartoe verbind om die regte persoon vir 'n spesifieke pos te kies. Breinnavorsing het aangetoon dat mense met 'n 'linkerbreingeneigdheid' en diegene met 'n 'regterbreingeneigdheid' goed doen in sekere poste.

Noem TWEE eienskappe wat gewoonlik verband hou met mense met 'n 'linkerbreingeneigdheid'. (2)

4.8 Die belang van voeding is welbekend.

Verduidelik kortliks wat gebeur as mens geen voeding hoegenaamd kry nie. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

Lees die paragraaf hier onder en beantwoord al die vrae.

Die jaar 2015/2016 is gekenmerk deur studenteprotes onder die banier #*feesmustfall.* Daar was verskeie insidente waar lede van die polisie rubberkoeëls en skokgranate afgevuur het en geweld gebruik het om skares te beheer. Daar is baie gesê oor polisiëring, en ook oor die ander party, die studente. 'n Artikel uit die *Pretoria News*-koerant lees as volg: 'Protes oor universiteitsgelde: Dis tyd dat die regte leiers na vore kom. Ons studente en studenteliggame wat hulle verteenwoordig toon onvolwassenheid en het as toekomstige leiers 'n gebrek aan die vermoë om die finansiële situasie in die land as geheel te ontleed en te beoordeel. Dis nou tyd dat die regte leiers na vore kom.'

[Bron: Rahman B Garrib: *Pretoria News,* 6 Oktober 2016 p. 8]

5.1 Hou die wyse in gedagte waarop die polisie protesterende studente behandel het en noem in tabelvorm DRIE verskille tussen 'n *polisiemag* en 'n *polisiediens.*

POLISIEMAG	POLISIEDIENS

(3 × 2) (6)

5.2 Beskryf die verskil tussen *wetstoepassing ('law enforcement')* en *uitvoering/nakoming van die wet/reg ('execution or the law').* (2)

5.3 Polisiebeamptes behoort hul diskresie te gebruik wanneer hulle te staan kom voor 'n situasie soos die *fees must fall*-protesoptogte. Hulle het die bevoegdheid om 'n persoon sonder 'n lasbrief te arresteer.

Watter riglyne moet polisielede in gedagte hou tydens 'n arrestasie sonder 'n lasbrief? (5)

5.4 'n Polisiediens is een waar alle polisiebeamptes vir mense omgee. Een van die oogmerke van die polisie is om in alle erns te probeer om misdaad te voorkom.

Noem VIER stappe wat die polisie moet doen om misdaadvoorkoming teweeg te bring. (4)

5.5 Die afvuur van rubberkoeëls en die gooi van skokgranate kom neer op 'n sekere vlak van geweld.

5.5.1 Dui die tipe of vlak van geweld aan wat die polisie gebruik het, soos in die koerantartikel genoem. (1)

5.5.2 Noem die sleuteleienskap van die vlak of tipe geweld in jou antwoord op VRAAG 5.5.1. (2)

5.5.3 Verduidelik wat die sleuteleienskap in jou antwoord behels. (1)

5.6 Protesterende studente in 'n demokratiese Suid-Afrika het geredeneer dat hulle regte geskend is.

Noem DRIE basiese menseregte in 'n demokrasie. (3)

5.7 Die koerantartikel sê "Dis tyd dat die regte leiers na vore kom'. Leierskap word deur verskeie kernidees gekenmerk.

Noem enige VIER eienskappe van leierskap. (4)

5.8 Noem enige TWEE sterk bestuursvaardighede waaroor leiers moet beskik ten einde doeltreffende leiers te wees. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

NCV

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN van die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Motivering is uiters belangrik ten einde 'n doel te bereik. David C McCleland se motiveringsteorie is op sekere faktore gegrond.

Nota aan leerder: Beantwoord hierdie vraag in puntformaat.

6.1 Noem en verduidelik kortliks DRIE faktore ten opsigte van 'n persoon se behoeftes. (3 × 2) (6)

6.2 Noem en verduidelik kortliks die SEWE reëls van motivering. (7 × 2) (14)
[20]

OF

VRAAG 7

Skryf 'n paragraaf oor gemeenskapspolisiëring in Suid-Afrika.

Nota aan leerder: Jy moet in jou paragraaf fokus op die volgende:

- Gee 'n TITEL vir jou paragraaf (1)
- Die faktore waarvan die sukses van gemeenskapspolisiëring afhang (2)
- Hoe om gemeenskapspolisiëring in Suid-Afrika te ontwikkel (13)
- Die funksie van die gemeenskapspolisiëringsforums kragtens artikel 214(1) van die Grondwet (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou